SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 20 JUNIE 2021

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

SARL OPNAME NOG AKTIEF

DIGITALE STEURINGS IN DIE 40 METER FOON SEGMENT

en

SARL KOMPETISIE WERKGROEP 2022

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

Ons begin die bulletin met nuus van drie stil sleutels.

Dit is met leedwese dat ons moet aankondig dat die sleutels van Andre le Roux, ZS2AL; Paulina Cooper ZS6PGC en Gerrie Barkhuizen ZS6GSB het stil geword.

Andre, wat in Despatch gewoon het, is op Vrydagaand 11 Junie oorlede na 'n vyf jaar lange stryd teen kanker. Hy het die eerste keer 'n lisensie gekry in 1983 en was mal daaroor om allerhande toerusting te bou en met antennas te eksperimenteer. Ons betuig ons innige meegevoel met sy vrou Lillian, seuns Jeron en Jaques en 2 kleindogters.

Paulina van Polokwane is vroeg op Saterdag 12 Junie 2021 oorlede. Paulina was aktief en geliefd onder die amateur- en radio gemeenskap in Limpopo. Ons betuig ons innige meegevoel met haar man Henry, ZS6HCO, familie en vele vriende.

Gerrie is op Saterdag 12 Junie 2021 in die ouderdom van 82 jaar oorlede. Gerrie was 'n stigterslid van die Magalies Radioamateurklub en ook 'n lid van die SABC Amateurradioklub. Ons betuig ons innige meegevoel met sy vrou Hannetjie, seuns Riaan, ZS6BAR en Johan, ZS6JJB en dogters Maritha, Adrie, Carolina en Angelina.

POUSE

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

Gelukkige Vadersdag aan al die Vaders daar buite!

SARL OPNAME NOG AKTIEF

Ons wil graag weet hoe lank die gemiddelde amateur geneem het om hul nalatenskap lisensie te wysig. Gee asseblief jou eerlike terugvoer op https://www.surveymonkey.com/r/NY6JR39. Ons het tot dusver 90 plus antwoorde ontvang. Die inligting is nodig vir die SARL se reaksie aan OKOSA.

SARL-LIDMAATSKAPFAKTURE

Die Lidmaatskapfakture proses is uitgevoer en lede moes nou al hul fakture ontvang het. As jy niks ontvang het nie, gaan eers jou rommelpos na en kontak dan Kelley by admin@sarl.org.za.

IARU STREEK 1 SWOT WERKSWINKEL

Soos verlede week berig, is die Streek 1 SWOT Werkswinkel op Saterdag 12 Junie gehou en is die SARL gevra om sy SWOT-analise aan te bied. Die SARL het insette van lede aangevra via 'n SARL-kommunikasie. Die voorlegging wat ontvang is, is gekategoriseer en anekdotiese inligting is bygevoeg. Die inligting is gesuiwer en in kol punte opgesom.

Sterkpunte: platform en mense - die amateur radio platform is goed gevestig en gedryf deur gemotiveerde en passievolle mense; Klub struktuur - die klub struktuur bied die gemeenskap 'n doel; Selfstudie – radio amateur wees beteken om dit self te doen.

Swakheid: Nasionale Reguleerder - die Reguleerder se onvermoë om lisensies uit te reik; koste van toerusting - die prys van kommersiële radiotoerusting plaas dit buite bereik van mense wat andersins sou belangstel. Invoerkoste is ook hoog; gebrek aan algemene hulpbronne vir beginners - 'n konstruksie webwerf soos Hackaday vir radio amateurs.

Geleentheid: Jeug - 'n onbenutte hulpbron; terug na die basiese beginsels - dikwels vir ouer amateurs is die basiese dinge nie interessant nie en word hulle verwaarloos, maar dit is waar almal begin; gebrekkige infrastruktuur - gebrekkige infrastruktuur kan die geleentheid bied vir Noodkommunikasie.

Bedreigings: apatie - die idee dat iemand anders dit sal doen, so waarom die moeite doen. Die onvermoë om selfs 'n elektroniese QSL-inskrywing te erken; amateur radio nie relevant nie - nuwe tegnologieë in kommunikasie bedreig die werking van amateurs tans; koste - die koste van kommersiële radiotoerusting skep 'n intree-versperring.

DIGITALE STEURINGS IN DIE 40 METER FOON SEGMENT

Die Raad het tydens sy vergadering op 9 Junie die kwessie van steurings deur digitale modusse in die foon segment van die 40 m band bespreek. Die Raad is daarvan bewus dat die digitale segmente in IARU-Streek 2 en 3 en die foon segment in Streek 1 mekaar oorvleuel. Die Raad is van mening dat digitale aktiwiteite in die digitale segment van die Streek 1 HF-bandplan moet plaasvind en dat slegs wanneer stasies buite Streek 1 gewerk word, die Streek 2-frekwensies

gebruik moet word. Goeie bedryfspraktyke van Radio Amateurs bepaal dat die operateur, voordat daar uitgesaai word, moet luister om te verseker dat die frekwensie nie gebruik word nie en slegs die minimum krag benodig om kommunikasie te bewerkstellig. Digitale operateurs op 40 m moet seker maak dat hulle aktiwiteit nagaan op LSB van die beoogde HSB frekwensie voordat uitgesaai word.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

SARL KOMPETISIE WERKGROEP 2022

Die HF-bestuurder wil 'n Kompetisie Werkgroep byeenroep om die SARL kompetisies vanaf 2022 te bestuur. Die WG sal die 2022 Kompetisiehandleiding (Blouboek) opstel, die logstate opstel en die kompetisie proses gedurende die jaar bestuur. Lede wat belangstel om in hierdie WG te dien, word versoek om hul name teen Woensdag 30 Junie 2021 by Karel Bezuidenhout ZS6WN in te dien via e-pos zs6wn@bezts.co.za en contest@sarl.org.za.

KOMPETISIE NUUS

Elf logstate is ontvang vir die tweede been van die SARL BHF/UHF FM-kompetisie wat op Saterdag 5 Junie 2021 gehou is. Daar is vasgestel dat daar 5 deelnemers op 6 meter, 37 op 2 meter en 17 op 70 cm was. Al die logstate is afkomstig van basis stasies, geen veldstasie logstate is ingedien nie.

1ste Vaughn Le Roux, ZS6VLR - 3 117 punte

2de Danie Schnetler, ZS6DPS - 908 punte

3de Dienie Schnetler, ZS6DNI - 533 punte

Die SARL Topband QSO Partytjie moedig kontakte op die 160 meter band tussen radio amateurs in Suider-Afrikaanse lande aan en moedig radio amateurs aan om aansoek te doen vir die SARL Top Band Toekenning. Die 2021 QSO partytjie duur vanaf 00:01 UTC (02:01 SAT) op Maandag 21 Junie tot 21:59 UTC (23:59 SAT) op Vrydag 25 Junie 2021 met foon- en GG-aktiwiteite. Die uitruiling is 'n RS- of RST-verslag en jou vier karakter ruitvierkant (bv. KG30). Jy kan dieselfde stasie een keer per modus werk en jy kry 2 punte vir elke QSO en 2 punte vir elke nuwe ruitblok wat gewerk word. Dien jou logstaat in MS Excel teen 23:59 SAT op Woensdag 30 Junie 2021 per e-pos na info@zs6wr.co.za. Blaai na bladsy 91 van die 2021 Blouboek vir die reëls en na www.sarl.org.za/public/awards/awards.asp vir inligting oor die Top Band Toekenning.

Die IARU HF Kampioenskappe vind plaas van 12:00 UTC op Saterdag 10 Julie tot 11:59 UTC op Sondag 11 Julie 2021 met GG en foon aktiwiteit op 160 tot 10 meter. ZS9HQ benodig operateurs vir die kompetisie; jy kan vanaf jou eie stasie met die HQ-roepsein werk. As jy die naweek kan werk, stuur jou besonderhede na contest@sarl.org.za en hfmanager@sarl.org.za.

KLUB NUUS

RAE-opleiding in Kaapstad en Pretoria.

Die Kaapstadse Amateurradiosentrum bied weekliks RAE-aanlyn opleiding in Engels aan deur 'n professionele onderwyser. Hierdie aanlyn kursusse word nou al verskeie siklusse aangebied en word vaardig aangebied en lei tot 'n hoë suksessyfer. Kontak die CTARC sekretaresse op zs1ct@ctarc.org.za vir meer inligting oor hoe om vir die kursus in te skryf.

Die Magalies Radioklub (MRK) begin met hul RAE-klasse op Saterdag 10 Julie 2021. Besoek www.zs6mrk.org vir meer inligting.

Die Suid Kaap Amateurradioklub het sy AJV op Saterdag 12 Junie 2021 gehou en die volgende lede is tot die komitee verkies:

Voorsitter, Sekretaris en Tesourier: Abe Zwiegelaar, ZS1ZS

Tegnies en Hamnet: Beat Streckeinsen, ZS1HB

Aktiwiteits Koördineerder: Nick Dreyer, ZS1N

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan wees. Tans is daar 'n enkele sonvlekgroep met 'n eenvoudige magnetiese samestelling sigbaar. Daar word nie sonfakkelaktiwiteit verwag nie. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van elf vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral met sonsopkoms en laatmiddag DX openinge op die 17 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

Vandag – Vadersdag

21 tot 25 Junie - die SARL Top Band QSO partytjie

1 Julie - Registrasie vir die Oktober RAE open

3 Julie - die SARL-Newbie kompetisie

4 Julie - die ZS5 Naelloop

10 Julie - die RaDAR Uitdaging, die AMSAT SA Ruimtesimposium en die RAE-klasse begin by MRK

10 en 11 Julie - die IARU HF Kampioenskappe

17 Julie - die Winter QRP-kompetisie

18 Julie - die ZS2 Naelloop

21 Julie - die SARL 80 m Klub naelloop

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Ons wil graag weet hoe lank die gemiddelde amateur geneem het om hul nalatenskap lisensie te wysig. Gee asseblief jou eerlike terugvoer op https://www.surveymonkey.com/r/NY6JR39. Ons het tot dusver 90 plus antwoorde ontvang. Die inligting is nodig vir die SARL se reaksie aan OKOSA.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saam gestel en geredigeer deur Dennis Green, ZS4BS en gelees deur ....., ...

Van die nuus span, die beste wense vir die week vorentoe.